SAKE 24 (Beeld)
15 Jul 2011, p.3

FIA bly oor eksamensperdatum

Die vereniging van finansiële tussengangers (FIA) het die besluit deur die Raad op Finansiële Dienste (RFD) verwelkom om die sperdatum vir die voltooiing van die Vlak 1-regulerende eksamen vir persone in die finansiëledienstesektor, uit te stel.

Dié eksamen toets finansiële tussengangers se kennis van die regulasies wat die finansiëledienstebedryf reguleer.

Die sperdatum vir voltooiing van die eksamen is tot 30 Junie volgende jaar uitgestel, "met 'n sperdatum van 30 September 2012 vir die hereksamen". Dié besluit volg op uitgebreide interaksie en gesprekke tussen die vereniging en die raad, het mnr. Arnold van der Linde, adjunkpresident van die FIA gesê. "Ons stem ten volle saam met die besluit om die sperdatum uit te stel. Volgens die nuutste ramings het slegs 8,2% van die bedryf reeds die eksamen geskryf en is dit noodsaaklik dat alle finansiële raadgewers genoeg tyd gegun word om voor te berei vir dié belangrike eksamen en dit te skryf," het Van der Linde gesê.

– I-Net Bridge